Verwysing: 20170524-1226
12/11/5

Navrae: PP Satyo (VOO)
G van Wyk (AOO)

Kurrikulum- en Assesseringsbestuursminuut: 0001/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure; Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur (SIBMB); Adjunk-hoofonderwyskundiges; Vakadviseurs en Prinsipale

Onderwerp: DBO Omsendbrief S1 (*Guidelines to Strengthen CAPS Implementation, 2017*)

1. Op 09 Maart 2017 het die Departement van Basiese Onderwys (DBO), Omsendbrief S1 van 2017, rakende die riglyne om Afdeling 4 van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir graad R tot 11 te verbeter en voorgestelde veranderinge aan skoolgebaseerde assesserings (SGAs) uitgereik.

2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het nie die Omsendbrief S1 gesirkuleer nie, omdat onvoldoende of geen besonderhede oor sekere vakke gegee is en die implikasies vir promosie en progressie nie verduidelik is nie.

3. Dit was egter onder ons aandag gebring dat sekere skole reeds die hoeveelheid formele assesseringstake, as gevolg van hierdie riglyne, verminder het of beplan het om dit te verminder.

4. Ná deeglike oorweging van die risikos vir die stelsel en met inagneming van hernude gesprekke met unies en provinsies by die DBO, het die WKOD besluit om hom daarvan te weerhou om enige veranderinge wat in Omsendbrief S1 voorgestel is, te implementeer totdat meer duidelikheid vanaf DBO ontvang word.

5. Die WKOD sal skole dus van 'n deeglik geformuleerde ondersteunings- en implementeringsplan voorsien, sodra daar duidelikheid en konsensus oor die *Guidelines to Strengthen CAPS Implementation, 2017* is.

6. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-05-25